OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c | Wednesday 18 March 1981 | WINDHOEK | Woensdag 18 Maart 1981 | No. 4407

Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

A. J. KILIAN
Secretary of the National Assembly of South West Africa

Windhoek

No. AG. 34 — 18 March 1981

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979) is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:-

No. 2 of 1981 Finance Act, 1981.

Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

A. J. KILIAN
Sekretaris van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika

Windhoek

No. AG. 34 — 18 Maart 1981

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig in gevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:-

No. 2 van 1981 Finansiewet, 1981

Act No. 2, 1981

FINANCE ACT, 1981

(English text signed by the Administrator-General on 13 March 1981)

ACT

To provide for the granting of guarantees in respect of loans required by contributors to the Statutory Institutions Pension Fund to acquire dwellings for their own use; and to provide for incidental matters.

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

Guarantees by the Administrator-General.

1. (1) The Administrator-General may, for the purpose of enabling any person who is a contributor to the Statutory Institutions Pension Fund established by section 2 of the Statutory Institutions Pensions Act, 1980 (Act 3 of 1980)—

(a) to acquire a dwelling for his own use;

(b) to enlarge or improve such dwelling or to erect outbuildings thereto; or

(c) to repay any amount owing in respect of such dwelling,

guarantee, on such terms and conditions as he may determine, the interest on and the capital of an amount not exceeding thirty per cent of the amount of any loan required by any such person for that purpose, and may enter into such agreements and perform such other acts (including the making of regulations) as may be necessary for or incidental to the carrying out of this subsection.

(2) If any dwelling contemplated in subsection (1) is sold in execution, any expense connected with such sale which the Administrator-General may have determined by regulation made under the said subsection, may be taken into account in determining the amount for which the State is liable in terms of any guarantee granted under the said subsection.

Losses incurred to be defrayed from moneys appropriated for the purpose.

2. Any losses which may be incurred by the Administrator-General in consequence of any guarantee granted under section 1(1) shall be defrayed from moneys appropriated for the purpose by law.

FINANSIEWET, 1981 **Wet No. 2, 1981**

(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 13 Maart 1981)

WET

Om voorsiening te maak vir die verstrekking van waarborge ten opsigte van lenings wat deur bydraers tot die Statutêre Instellingspensioenfonds benodig word om wonings vir eie gebruik te bekom; en om voorsiening te maak vir verbandhoudende aangeleenthede.

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Waarborge deur die Administrateur-generaal.

1. (1) Die Administrateur-generaal kan, met die doel om iemand wat 'n bydraer tot die by artikel 2 van die Wet op Pensioene vir Statutêre Instellings, 1980 (Wet 3 van 1980), ingestelde Statutêre Instellingspensioenfonds is, in staat te stel —

(a) om 'n woning vir sy eie gebruik te verkry;

(b) om bedoelde woning te vergroot of te verbeter of buitegeboue daarby op te rig; of

(c) om enige bedrag ten opsigte van bedoelde woning verskuldig, terug te betaal,

op die bedinge en voorwaardes wat hy bepaal, die rente op en die hoofsom van 'n bedrag wat dertig persent van die bedrag van 'n lening deur so iemand vir daardie doel benodig, nie oorskry nie, waarborg, en kan die ooreenkomste aangaan en die ander handelinge verrig (met inbegrip van die uitvaardiging van regulasies) wat nodig mag wees vir, of in verband mag staan met, die uitvoering van hierdie subartikel.

(2) Indien 'n in subartikel (1) beoogde woning in eksekusie verkoop word, kan enige uitgawe verbonde aan bedoelde verkoping wat die Administrateur-generaal by regulasie kragtens bedoelde subartikel uitgevaardig, bepaal het, in aanmerking geneem word by die bepaling van die bedrag waarvoor die Staat ingevolge 'n waarborg kragtens bedoelde subartikel verstrek, aanspreeklik is.

Verliese gely word bestry uit geld vir dié doel bewillig.

2. Enige verliese wat deur die Administrateur-generaal ten gevolge van 'n kragtens artikel 1(1) verstrekte waarborg gely mag word, word bestry uit geld by wet vir dié doel bewillig.

Delegation of powers.

3. (1) (a) The Administrator-General may from time to time delegate any power granted to him by this Act, to any person holding an office in the Department of Finance.

(b) Any power so delegated to the holder of a specific post may from time to time be exercised by the person who at that time performs the functions attached to such post.

(2) Any person to whom any power has been delegated under subsection (1) shall exercise such power subject to the instructions of the Administrator-General.

(3) The Administrator-General shall not be divested of any power delegated by him under subsection (1), and he may at any time alter or withdraw any decision given in the exercise of any such power.

(4) The Administrator-General may at any time revoke the delegation of any power under subsection (1).

Short title.

4. This Act shall be called the Finance Act, 1981.

Delegering van bevoegdhede.

3. (1) (a) Die Administrateur-generaal kan van tyd tot tyd enige bevoegdheid deur hierdie Wet aan hom verleen, delegeer aan 'n persoon wat 'n betrekking in die Departement van Finansies beklee.

(b) Enige bevoegdheid aldus aan die bekleder van 'n bepaalde pos gedelegeer, kan van tyd tot tyd uitgeoefen word deur die persoon wat op daardie tydstip die werksaamhede wat aan daardie pos verbonde is, verrig.

(2) Iemand aan wie 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) gedelegeer is, oefen daardie bevoegdheid uit onderworpe aan die voorskrifte van die Administrateur-generaal.

(3) Die Administrateur-generaal word nie ontdoen van 'n bevoegdheid wat hy kragtens subartikel (1) gedelegeer het nie en hy kan te eniger tyd 'n beslissing by die uitoefening van so 'n bevoegdheid gegee, wysig of intrek.

(4) Die Administrateur-generaal kan die delegering van 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) te eniger tyd intrek.

Kort titel.

4. Hierdie Wet heet die Finansiewet, 1981.